



Hy HET my Lief
Leer om in die Vader se liefde te leef
WAYNE JACOBSEN



Emoyeni Uitgewers
Ladysmith Suid-Afrika

Inhoudsopgawe

Voorwoord

Deel 1 – Wat is in God se hart oor verhoudings?

1. Olke bolke Christenskap.
2. Wat Jesus se dissipels nie geweet het nie.
3. Met die hel gedreig.
4. 'n Vader soos geen ander nie.
5. Welkom tuis.

Deel 2 – Wat vrees nog nooit kon regkry nie.

6. Die tirannie van die guns-lyn
7. Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan?
8. Die bedelaar en die besigheidsman.
9. Die God wat ons moet vrees.
10. Die onwrikbaarste krag in die heelal.

Deel 3 – Onmiskerbare getuienis

11. Deur liefde vrygelaat.
12. Vir wie is die offer gebring?
13. Die hen en haar kuikens.
14. Wat het werklik aan die kruis gebeur?
15. Die teengif vir sonde.
16. In die donkerste uur ... vertrou!

Deel 4 – 'n Lewe in liefde geleef

17. Om punte te versamel as daar nie meer telling gehou word nie.
18. Is sonde dan nie vir God belangrik nie?
19. Om te leer vertrou is 'n lewenstaak.
20. Skaamteloos vry.
21. Net soos my Pa!
22. Die gebed wat God altyd antwoord.
23. Om geliefd te lewe.

Erkennings

Iets Oor Die Skrywer

Ander Boeke Van Emoyeni

*Hy het my lief ...
Hy het my nie lief nie ...
Hy het my lief ...
Hy het my nie lief nie ...*

HOOFSUK 1

Olke-Bolke Christenskap

DIE DOGTERTJIE STAAN in die tuin en pluk die blaartjies van die madeliefie een vir een af terwyl sy haar rympie opsê. Die laaste blaartjie is die belangrikste, dit is haar versekering of die persoon wat sy in gedagte het van haar hou of nie.

Ons weet natuurlik dat dit sommer net 'n speletjie is, ons weet ook dat as die regte een nie oorbly nie, dan kan mens maar net nog 'n blommetjie pluk en die rympie van vooraf begin tot mens die antwoord kry wat jy wil hê. Dit neem egter nie baie lank voordat selfs kinders agterkom dat madeliefies nie ontwerp is om romantiese toekomsvoorspellings te maak nie. Hoe sal 'n mens dan ook jou hartsbegeertes oorlaat aan die onvoorspelbaarheid van lukraak?

Dit is 'n goeie vraag! Ongelukkig is dit 'n les wat ons baie makliker op die romantiese front leer as op geestelike gebied. Lank nadat ons die madeliefies weggegooi het, hou ons hardnekkig aan om die speletjie met God te speel. Ons pluk nou nie meer blomblaartjies af nie, maar sif deur ons omstandighede om uit te vind hoe God werklik oor ons voel.

Ek het 'n verhoging gekry. *Hy het my lief.*

Ek het nie die verwagte bevordering gekry nie; ek het my werk verloor. *Hy het my nie lief nie!*

Ek het 'n bemoedigende boodskap uit sy Woord gekry. *Hy het my lief!*

My kind is dodelik siek. *Hy het my nie lief nie!*

Ek het vir iemand geld gegee wat dit nodig het. *Hy het my lief!*

Ek het my humeur grensloos verloor. *Hy het my nie lief nie!*

Ek het gebedsverhoring ondervind! *Hy het my lief!*

Ek moes die waarheid baie verdraai om uit 'n moeilike situasie te kom. *Hy het my nie lief nie!*

'n Vriend het my onverwags bemoedig. *Hy het my lief!*

My motor het herstelwerk nodig. *Hy het my nie lief nie!*

Die tou oor die afgrond

Dit is die speletjie wat ek die grootste deel van my lewe gespeel het in 'n poging om uit te vind hoe God op 'n gegewe oomblik oor my voel. Ek is grootgemaak met die idee dat hy 'n God van liefde is en die meeste van die tyd het ek dit geglo.

As dit goed gaan, is geloof altyd maklik. As ons familie gesond is en daar is geen kinkels in ons verhoudings nie; wanneer dit goed gaan in ons bediening en inkomste saam met geleenthede groei; wanneer daar geen las is van enige nood nie en ons tyd het om ons vriende te geniet, wie sal dan nie seker wees van God se liefde nie?

Maar daardie sekerheid kan soos mis voor die son verdwyn wanneer ons lewe binnegedring word deur probleme:

'n Kinderkwaal wat 'n groot verleentheid bly.

Die dag toe 'n skoolvriend dood is aan 'n gewas op die brein ten spyte van vurige gebede vir genesing.

Toe ek oor die hoof gesien is vir 'n gesogte aanstelling by die kollege omdat iemand leuens oor my vertel het.

Die nag toe ons rot en kaal besteel is.

Die littekens van brandwonde na 'n ongeluk in die kombuis.

Toe ek my skoonpa en broer albei moes sien sterf aan verwoestende siektes ten spyte van almal se smeekgebede dat

God hulle genees.

Toe my broers in die bediening vir my gelieg en leuens versprei het om ander se ondersteuning te werf.

Toe ek nie geweet het waarvandaan my volgende salaristjek sou kom nie.

Toe ek my vrou verpletter gesien het onder omstandighede wat geen smeekgebed van my kant af by God hond haar-af kon maak nie.

Toe die deure van geleenthede wat wyd oopgestaan het, skielik onverklaarbaar in my gesig toegeklap het.

Dit was tye soos daardie wat ek gewonder het hoe God regtig oor my voel. Dit het my verstand te bowe gegaan dat 'n God wat my werklik liefhet sulke dinge in my lewe kon toelaat. Ek het verwag dat Hy dit minstens moes kon regstel sodat ek of my geliefdes nie deur sulke onbeskryflike pyn moes gaan nie.

Ek het altyd in sulke tye gedink Hy het my nie lief nie. My teleurstelling in God het een van twee reaksies ontlok. As my pyn en frustrasie my laat voel het ek het genoeg vir Hom gedoen en ek verdien beter, het ek soos Job tekere gegaan en Hom van liefdeloosheid of onregverdigheid beskuldig. Op ander tye, in oomblikke van kalmte en eerlikheid, moes ek egter erken dat ek myself deur my

mislukkings en ongehoorsaamheid baie keer uitgesluit het van sy versorging. Elke keer het ek my voorgeneem om harder te probeer om 'n lewe te lei wat ek gedink het sy liefde kon verdien.

Vir vier-en-dertig jaar het ek baie keer as gelowige soos 'n koordloper oor hierdie afgrond probeer loop. Selfs al het daar geen swaard oor my kop gehang nie, was ek altyd bewus van die feit dat God my enige oomblik die afgrond kon laat afstort as ek nie in sy goeie boekies bly nie. In sekere opsigte was ek soos 'n skisofreniese kind wat deur sy pa mishandel word, nooit seker watter God ek volgende sou ontmoet nie – die een wat my vreugdevol in sy arms sou opraap, of die een wat my sonder rede sou ignoreer of straf.

Dit was maar in die laaste twaalf jaar wat ek ontdek het dat my metodes om God se liefde te onderskei net so sinneloos was as om die blaartjies van 'n madeliefie af te trek. Ek het 'n totale transformasie ondergaan.

Onbetwisbare getuienis

Waar pas jý in?

Het jy al ooit soos 'n dobbertjie gevoel wat deur omstandighede heen-en-weer geslinger word, soms seker, maar in die meeste gevalle totaal onseker oor hoe die Skepper van die Heelal oor jou voel? Of dalk het jy net nog nooit besef hoe lief God jou werklik het nie.

In 'n onlangse Bybelstudie het ek 'n veertigjarige vrou ontmoet, aktief betrokke by haar kerk, wat bely het dat sy nog nooit seker was dat God haar liefhet nie. Dit was asof sy nog iets wou byvoeg, maar haarself bedink het en toe gevra het dat ek vir haar bid.

Ek het. Ek het Hom gevra om haar te wys presies hoe lief Hy haar het, toe ek skielik 'n prentjie in my kop kry. Ek het die figuur van 'n man gesien, en het instinktief geweet dit was Jesus.

Hy het deur die veld te stap met 'n klein dogtertjie van omtrent vyf aan die hand. Op 'n manier het ek geweet die dogtertjie was die vrou vir wie ek gebid het. Ek het gebid dat Hy haar sou help om dieselfde kinderlike gees te ontdek wat haar sou toelaat om saam met Hom deur die veld te kon huppel.

Toe ek my oë oopmaak na die gebed, het ek gesien die vrou se oë is vol trane.

“Het jy gesê ‘veld’?” het sy gevra.

Ek het geknik, verbaas dat sy juis op daardie woord moes vashaak.

Sy het onbedaarlik begin huil en gesê, “Ek was nie seker of ek jou moes sê nie, maar toe ek vyf was, is ek in die veld gemolesteer deur 'n ouer seun. Elke keer as ek aan God dink, kom daardie vreeslike ervaring in al sy felheid terug. Dan wonder ek waarom God nie die

voorval gestop het as hy my waarlik liefgehad het nie.”

Sy is nie die enigste een wat so voel nie. Baie mense dra swaar aan teleurstellings en littekens wat maklik aanvaar kan word as bewys dat die God van liefde dalk nie bestaan nie. Of aan die ander kant, as Hy werklik bestaan, dan distansieer Hy Homself van onsmaklike voorvalle, of Hy laat mense oor aan die onvoorspelbaarheid van ander se sonde.

Ongelukkig het ek nie netjiese antwoorde vir sulke oomblikke nie. Ek dink ook nie daar is enige iets wat gesê kan word om sulke diep pyn te verlig nie. My antwoord was dat God wou hê sy moet weet dat Hy saam met haar daar was. Alhoewel Hy nie opgetree het volgens haar verwagtinge van ware liefde nie, het Hy haar nogtans lief. Hy wou saam met haar deur daardie besoedelde veld stap en haar vry maak van die wurgende herinneringe.

Hy wou vir haar 'n mate van vreugde gee te midde van die mees traumatiese ervaring in haar lewe. Op dié manier wou Hy die oomblik wat haar vermoë vernietig het om Hom te vertrou, omskep in 'n wegspringplek op die pad na genade. Ek weet dit klink amper pateties in die lig van haar onbeskryflike pyn, maar dit het tog vir haar die pad oopgemaak. Agt maande later het ek 'n e-pos van haar ontvang: “EK HET DIT!”

Beteken dit dat sy verstaan waarom dit met haar gebeur het? Definitief nie. Niks kan dit verduidelik nie. Dit beteken wel dat God se liefde groot genoeg was om daardie verskriklike ervaring te absorbeer en haar daaruit te lei. Dit is my hoop dat hierdie woorde jou ook in daardie proses in jou lewe sal bemoedig.

Persepsie versus werklikheid

Die waarheid is dat God ons nog altyd liefgehad het met 'n liefde wat ons verstand te bowe gaan. Ek weet dat dit soms nie so lyk nie. Met tye lyk dit asof Hy totaal belangeloos ons ernstigste gebede ignoreer. Die twyfel of Hy werklik vir ons omgee, vernietig ons geloof in Hom. Dan begin ons ons eie mislukking-lysius maak sodat ons God se skynbare belangeloosheid kan regverdig. Al wat ons hiermee regkry, is om in 'n maalkolk van selfhaat te verval. Dit is in die sinnelose uittelrympie dat die getuienis teen God oorweldigend begin raak.

Maar persepsie is nie noodwendig werklikheid nie. As ons definisie van God deur ons eng omstandighede bepaal word, sal ons nooit ontdek wie Hy werklik is nie.

Maar ... Hy het 'n baie beter manier voorsien. Ons madeliefie Christenskap kan heeltemal verorber word deur die onbetwisbare bewys van sy liefde vir ons aan die kruis van Golgota. Dit is as ons die aspek van die kruis kan sien wat in die afgelope dekades totaal geïgnoreer is. Ons het nog nooit werklik gesien wat tussen

Vader en Seun gebeur het nie. Die kruis het die deur van sy liefde so wyd en beslis oopgemaak dat selfs ons donkerste dae dit nie weer kan toemaak nie. Dit is wanneer ons deur daardie deur gaan, dat ons werklik vir

God kan leer ken en die verhouding met Hom kan ondervind waarna ons diepste wese nog altyd gehunker het. Dit is waar ons reis na die ewebeeld van Jesus begin, want net in die konteks van die verhouding wat God met ons beplan het, kan ons die volle heerlijkheid van sy lewe ontdek.

Jy moet besef dat God jou liever het as wat jy jouself in jou wildste drome kan voorstel; Hy het nog altyd – van voor jou geboorte af. Die oomblik wat jy daardie waarheid joune maak, sal jou probleme jou nooit weer kan dryf om God se liefde te betwyfel nie. Jy sal ook nooit weer wonder of jy genoeg gedoen het om dit te verdien nie. In plaas daarvan om bang te wees dat Hy sy rug op jou gedraai het, sal jy in die oomblikke van jou grootste nood 'n onwrikbare vertrouwe hê in sy liefde vir jou. Jy sal op die eienaardigste maniere ondervind hoe daardie liefde deur jou na die wêreld om jou vloei, wat daarna smag.

Om te leer om Hom so lief te hê, is nie iets wat in 'n oogwink gebeur nie; dis 'n lewensreis waarin ons sal groei soos ons verder op die pad stap. God weet hoe moeilik dit vir ons is om sy liefde te aanvaar, maar Hy sal ons leer met 'n geduld wat geen perke ken nie. In elke omstandigheid en op die verrassendste maniere, sal Hy sy liefde aan ons bekend maak op maniere wat elkeen van ons kan verstaan.

So, dalk het dit tyd geword om op te hou speletjies speel. Ons moet ontdek dat dit nie die vrees is om God se liefde te verloor wat ons op sy pad sal hou nie, maar die eenvoudige vreugde om daaglik in sy liefde te lewe.

Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.

1 Joh 3:1

Vir jou persoonlike reis:

Hoe dikwels twyfel jy aan God se liefde vir jou?

Wanneer bevraagteken jy sy liefde vir jou die meeste?

Hoe seker is jy daarvan dat God jou net so lief het as al die ander rondom jou?

Wanneer jy deur 'n moeilike tyd gaan, wat is jou reaksie:

Het God my regtig lief? of Wat kan ek doen sodat Hy meer van my kan hou?

Vra vir God om in die dae wat voorlê vir jou te wys presies hoe lief Hy jou het.

Groepbespreking:

Deel 'n ervaring waarin jy getwyfel het of God werklik vir jou omgee.

Hoe voel jy nou daaroor? As jy nog steeds onseker is, wat kan jy vir God vra sodat jou persepsie van die ervaring kan verander?

As jy nou terugkyk met die wete dat God jou liefgehad het selfs al het jy dit nie besef nie, dink jy jy het iets uit die proses geleer?

Hoe kan ons mekaar bemoedig om eerder God se liefde te vertrou as om dit te betwyfel?